Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaars mnre. Anafi Investments (Proprietary) Ltd., P/a mnre. Charl Viljoen en Vennote, Posbus 4529, Pretoria aansoek gedoen het om Edenvale-dorpsaanlegkema No. 1, 1954 te wysig deur die hersonering van Erf 391 geleë aan Mainweg, dorp Eastleigh van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 10 000 vk vt." tot "Spesiaal" (gebruikstreek XVII) vir kommersiële doeleindes insluitende 'n bouerswerf, loodgieterswerf, pakhuis en kantore, met toestemming van die Raad onderworpe aan sekere voorwaardes.

Verdere besonderhede van hierdie wysiging (wat Edenvale-wysigingskema No. 1/111 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk van Edenvale ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, en die Stadsklerk, Posbus 25, Edenvale, skriftelik voorgelê word.

E. UYS,

Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 18 September 1974.

PB. 4-9-2-13-111

NOTICE 390 OF 1974.

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME NO. 1/767.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owners Messrs. Melrose Mews (Proprietary) Ltd., C/o Messrs. Moross and Partners, P.O. Box 10506, Johannesburg, for the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme No. 1, 1946, by amending the existing rights applicable to Portion 2 of Erf 130, Melrose North Extension 2 Township, as follows:

- (a) Zoning: "General Residential".
- (b) Building line: 10,19 m along Corlett Drive.
- (c) Conditions: (1) the development on the erf may comprise of two or more buildings; (2) the siting of the buildings and layout of the landscape areas shall be to the satisfaction of the Council.

The amendment will be known as Johannesburg Amendment Scheme No. 1/767. Further particulars of the scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Room 715, Civic Centre, Braamfontein, and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 1049, Johannesburg, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,

Director of Local Government.

Pretoria, 18 September, 1974.

PB. 4-9-2-2-767

18-25

NOTICE 391 OF 1974.

EDENVALE AMENDMENT SCHEME NO. 1/111.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owners Messrs. Anafi Investments (Proprietary) Ltd., C/o Messrs. Charl Viljoen and Partners, P.O. Box 4529, Pretoria for the amendment of Edenvale Town-planning Scheme No. 1, 1954, by rezoning Erf 391, situate on Main Road, Eastleigh Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 10 000 sq. ft." to "Special" (use zone XVII) for commercial purposes which includes a building yard, plumber yard, storerooms and offices, with the consent of the Council, subject to certain conditions.

The amendment will be known as Edenvale Amendment Scheme No. 1/111. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Edenvale and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 25, Edenvale at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,

Director of Local Government.

Pretoria, 18 September, 1974.

PB. 4-9-2-13-111

KENNISGEWING 392 VAN 1974.

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK - WYSIGINGSKEMA NO. 1/653.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaars mnre. Margarb Investments (Pty.) Ltd., P/a mnre. A. Rosen en Vennote, Trustbank Sentrum 1705, Eloffstraat 56, Johannesburg, aansoek gedoen het om Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema te wysig deur die hersonering van Gedeelte 6 van Erf 5, geleë in Sundown, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 60 000 vk. vt." tot "Spesiaal" vir kantore, banke en versekeringsdoeleindes onderworpe aan sekere voorwaardes.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Noordelike Johannesburgstreek-wysigingskema No. 1/653 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk van Sandton ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, en die Stadsklerk, Posbus 78001, Sandton, skriftelik voorgelê word.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 18 September 1974.

PB. 4-9-2-116-653

KENNISGEWING 393 VAN 1974.

PIETERSBURG-WYSIGINGSKEMA NO. 1/45.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaars mnre. Apiesdoorn Eiendomme (Edms.) Beperk, Posbus 333, Pietersburg, aansoek gedoen het om Pietersburg-dorpsaanlegskema No. 1, 1955, te wysig deur die hersonering van Erf 5698, geleë tussen Kerk- en Paul Krugerstraat, dorp Pietersburg van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 7 000 vk. vt." tot "Algemene Woon" (Gebruikstreek 11) vir die oprigting van woonstelle.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Pietersburg-wysigingskema No. 1/45 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk van Pietersburg ter insae.

Enige beswaar teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, en die Stadsklerk, Posbus 111, Pietersburg, skriftelik voorgelê word.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 18 September 1974.

PB. 4-9-2-24-45
18-25

NOTICE 392 OF 1974.

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME NO. 1/653.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owners Messrs. Margarb Investments (Pty.) Ltd., C/o Messrs. A. Rosen and Partners, 1705, Trust Bank Centre, 56, Eloff Street, Johannesburg, for the amendment of Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, by rezoning Portion 6 of Erf 5, situate in Sundown Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 60 000 sq. ft." to "Special" for offices, banks and insurance purposes subject to certain conditions.

The amendment will be known as Northern Johannesburg Region Amendment Scheme No. 1/653. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Sandton, and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 78001, Sandton, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,
Director of Local Government.

Pretoria, 18 September, 1974.

PB. 4-9-2-116-653

NOTICE 393 OF 1974.

PIETERSBURG AMENDMENT SCHEME NO. 1/45.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owners Messrs. Apiesdoorn Eiendomme (Edms.) Beperk, P.O. Box 333, Pietersburg for the amendment of Pietersburg Town-planning Scheme No. 1, 1955, by rezoning Erf 5698, situate between Church and Paul Kruger Streets, Pietersburg Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 7 000 sq. ft." to "General Residential" (Use Zone 11) for the erection of flats.

The amendment will be known as Pietersburg Amendment Scheme No. 1/45. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Pietersburg and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 111, Pietersburg at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,
Director of Local Government.

Pretoria, 18 September, 1974.

PB. 4-9-2-24-45
18-25

KENNISGEWING 395 VAN 1974.
NOTICE 395 OF 1974.

PROVINSIE TRANSVAAL — PROVINCE OF TRANSVAAL.
PROVINSIALE INKOMSTEFONDS — PROVINCIAL REVENUE FUND

STAAT VAN ONTVANGSTE EN BETALINGS VIR DIE TYDPERK 1 APRIL 1974 TOT 31 JULIE 1974.
STATEMENT OF RECEIPTS AND PAYMENTS FOR THE PERIOD 1 APRIL 1974 TO 31 JULY, 1974.

(Gepubliseer ingevolge artikel 15(1) van Wet 18 van 1972.)
(Published in terms of section 15(1) of Act 18 of 1972.)

(A) INKOMSTEREKENING. / REVENUE ACCOUNT.

ONTVANGSTE. / RECEIPTS.		BETALINGS. / PAYMENTS.	
R	R	R	R
SALDO OP 1 APRIL 1974 BALANCE AT 1 APRIL 1974		—	
BELASTING, LISENSIES EN GELDE/ TAXATION, LICENCES AND FEES —		BEGROTINGS/VOTES ...	
1. Toegang tot renbane/Admission to race courses	30 234,77	1. Algemene Administrasie / General Administration ...	17 637 896,28
2. Weddenskapbelasting / Betting tax	1 107 314,84	2. Onderwys / Education	48 596 838,43
3. Bookmakersbelasting / Bookmakers tax	392 689,75	3. Werke / Works	8 362 018,33
4. Totalisatorbelasting / Totalisator tax	1 444 813,03	4. Hospitaal- en Gesondheidsdienste — Administrasie/Hospital and Health Services — Administration	1 587 732,54
5. Boetes en verbeurdverklarings / Fines and forfeitures	572 507,41	5. Provinsiale Hospitale en Inrigtings / Provincial Hospitals and Institutions	31 682 639,14
6. Motorlisensiegelde / Motor Licence fees	8 114 108,88	6. Paaie en Brûe / Roads and Bridges	28 253 090,73
7. Hondelisansies / Dog Licences	25 590,54	7. Rente en Delging / Interest and Redemption	13 279 803,80
8. Vis- en wildlisansies / Fish and game licences	76 077,05	8. Biblioteek- en Museumdiens/Library and Museum Service	416 189,63
9. Diverse / Miscellaneous ...	2 014 254,96	9. Natuurbewaring / Nature Conservation	383 906,28
10. Ontvangste nog nie toegewys nie / Receipts not yet allocated	153 976,35	10. Plaaslike Bestuur / Local Government	958 722,10
	13 931 567,58		151 158 837,26
Min/Less: Inkomste in rekening gebring maar nog nie deur Tesourie oorbetalnie / Revenue brought to account but not yet remitted by Treasury	—	STATUTÊRE APPROPRIASIES/ STATUTORY APPROPRIATIONS —	
	13 931 567,58	— Oordragte op reserwefondse / Transfers to Reserve funds: Johannesburgse Subsidie-paaie (Ordonnansie 5 van 1967) / Johannesburg Subsidy Roads (Ordinance 5 of 1967)	—
DEPARTEMENTELE ONTVANGSTE / DEPARTMENTAL RECEIPTS—		Provinsiale Deurpaaie (Ordonnansie 18 van 1968) / Provincial Throughways (Ordinance 18 of 1968)	—
1. Sekretariaat / Secretariat ...	394 096,89		
2. Onderwys / Education	1 028 946,07		
3. Hospitaaldienste / Hospital Services	4 241 874,27		
4. Paaie / Roads	233 029,00		
5. Werke / Works	130 035,40		6 027 981,63

KENNISGEWING 398 VAN 1974.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORPE.

Ingevolge artikel 58(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, word hiermee bekend gemaak dat aansoek gedoen is om toestemming om die dorpe gemeld in meegaande Bylae te stig.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer B206A, 2de Vloer, Blok B, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Ingevolge artikel 58(6) van die genoemde Ordonnan-

sie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoeke of wat begerig is om in die saak gehoor te word of verhoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die *Provinsiale Koerant* deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaat-sak X437, Pretoria.

E. UYS,

Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 18 September 1974.

18-25

BYLAE.

(a) Naam van Dorp en (b) Eienaar(s)	Aantal Erwe.	Beskrywing van Grond	Ligging	Verwysingsnommer
(a) Lakefield Uitbreiding 22. (b) Douglas Cuthbert Jennings.	Spesiale Woon : 5	Restante Gedeelte van Hoewe 2 van Kleinfontein Landbouhoeves Nedersetting, distrik Benoni.	Suid van en grens aan Lakefield Uitbreiding 16 en oos van en grens aan Sunnyweg.	PB. 4-2-2-5069
(a) The Orchards Uitbreiding 1. (b) Watwou Beleggings (Eiendoms) Bpk.	Kommersiële Besigheid : 95 : 1	(a) 'n Sekere Gedeelte 52 ('n gedeelte van Gedeelte 1 van Gedeelte H). (b) 'n Sekere Resterende Gedeelte van Gedeelte 1 van Gedeelte H, beide van die plaas Hartebeeshoek 303-J.R. (c) Die plaas Triangle 264-J.R., distrik Pretoria.	Suidwes van en grens aan Provinsiale Pad P76/1, wes van en grens aan die dorp The Orchards.	PB. 4-2-2-4252

Alle vorige advertensies om toestemming vir die stigting van die voorgestelde dorp The Orchards Uit. 1 moet as gekanselleer beskou word.

NOTICE 398 OF 1974.

PROPOSED ESTABLISHMENT OF TOWNSHIPS.

It is hereby notified in terms of section 58(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made for permission to establish the townships mentioned in the accompanying Annexure.

The application together with the relevant plans, documents and information, is open for inspection at the office of the Director, Room B206A, 2nd Floor, Block B, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

In terms of section 58(6) of the said Ordinance any

person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate in writing with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the *Provincial Gazette*.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria.

E. UYS,
Director of Local Government.

Pretoria, 18 September, 1974.

18—25

SCHEDULE.

(a) Name of Township and (b) Owner(s)	Number of Erven	Description of land	Situation	Reference Number
(a) Lakefield Extension 22. (b) Douglas Cuthbert Jennings.	Special Residential : 5	Remaining Extent of Holding No. 2 of Kleinfontein Agricultural Holdings, district Benoni.	South of and abuts Lakefield Extension 16 and east of and abuts Sunny Road.	PB. 4-2-2-5069
(a) The Orchards Extension 1. (b) Watwou Beleggings (Eiendoms) Bpk.	Commercial Business : 95 : 1	(a) A Certain Portion 52 (a portion of Portion 1 of Portion H). (b) A Certain Remaining Portion of Portion 1 of Portion H of the farm Hartebeeshoek 303-J.R. (c) The farm Triangle 264-J.R., district Pretoria.	South-west of and abuts Provincial Road P76/1 west of and abuts The Orchards Township.	PB. 4-2-2-4252

Any previous advertisements for permission to establish The Orchards Ext. 1 should be considered as cancelled.

KENNISGEWING 394 VAN 1974.

PRETORIASTREEK-WYSIGINGSKEMA NO. 99.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar, mnr. S. D. Doubell, P/a mnr. N. W. Smit, Poste Restante, Pk. Silverton, aansoek gedoen het om Pretoria-streek-dorpsaanlegskema, 1960, te wysig deur die hersoenering van Erf 7, geleë aan Orangelaan, dorp The Orchards van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per Erf" tot "Kommersiële Doeleindes" (Gebruikstreek XIV) onderworpe aan sekere voorwaardes.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Pretoriastreek-wysigingskema No. 99 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en die Sekretaris, Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede ter insae.

Enige beswaar of verhoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, en die Sekretaris, Posbus 1341, Pretoria skriftelik voorgelê word.

E. UYS,

Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 18 September 1974.

PB. 4-9-2-217-99
18-25

KENNISGEWING 396 VAN 1974.

KENNISGEWING — BEROEPSWEDDERSLISENSIE.

Ek, Herbert Hope Walton, van Mimosa Hotel, Clarendon Plek, Hillbrow, en ek, Grant Derek Walton, van A302, Kelrock Gardens, Wyndcliffweg, Bellevue, Johannesburg gee hiermee kennis dat ons van voorneme is om by die Transvaalse Beroepswedderslisensiekomitee aansoek te doen om 'n sertifikaat waarby die uitreiking van 'n beroepswedderslisensie ingevolge Ordonnansie 26 van 1925 gemagtig word.

Iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van so 'n sertifikaat of wat enige feit of inligting in verband daarmee aan die Komitee wil voorlê, kan dit skriftelik aan die Sekretaris van die Transvaalse Beroepswedderslisensiekomitee, Privaatsak X64, Pretoria, doen om hom voor of op 9 Oktober 1974 te bereik. Iedere sodanige persoon moet sy volle naam, beroep en posadres verstrek.

KENNISGEWING 397 VAN 1974.

KENNISGEWING — BEROEPSWEDDERSLISENSIE.

Ek Gaspare Sangiorgio van Cumberland Court 2, Drieriviere gee hiermee kennis dat ek van voorneme is om by die Transvaalse Beroepswedderslisensiekomitee aansoek te doen om 'n sertifikaat waarby die uitreiking van 'n beroepswedderslisensie ingevolge Ordonnansie 26 van 1925 gemagtig word.

Iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van so 'n sertifikaat of wat enige feit of inligting in verband daarmee aan die Komitee wil voorlê, kan dit skriftelik aan die Sekretaris van die Transvaalse Beroepswedderslisensiekomitee, Privaatsak X64, Pretoria, doen om hom voor of op 9 Oktober 1974 te bereik. Iedere sodanige persoon moet sy volle naam, beroep en posadres verstrek.

NOTICE 394 OF 1974.

PRETORIA REGION AMENDMENT SCHEME NO. 99.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, (as amended) that application has been made by the owner Mr. S. D. Doubell C/o Mr. N. W. Smit, Poste Restante, P.O. Silverton for the amendment of Pretoria Region Town-planning Scheme, 1960, by rezoning Erf 7, situate on Orange Avenue, the Orchards Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per Erf" to "Commercial" (Use Zone XIV) subject to certain conditions.

The amendment will be known as Pretoria Region Amendment Scheme No. 99. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Secretary, Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas and the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Secretary, P.O. Box 1341, Pretoria, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,

Director of Local Government.

Pretoria, 18 September, 1974.

PB. 4-9-2-217-99
18-25

NOTICE 396 OF 1974.

NOTICE — BOOKMAKER'S LICENCE.

I, Herbert Hope Walton of Mimosa Hotel, Clarendon Place, Hillbrow, and I, Grant Derek Walton, of A302, Kelrock Gardens, Wyndcliff Road, Bellevue, Johannesburg do hereby give notice that it is our intention to apply to the Transvaal Bookmakers' Licensing Committee for a certificate authorizing the issue of a bookmaker's licence in terms of Ordinance 26 of 1925.

Any person who wishes to object to the granting of such certificate, or who wishes to lay before the Committee any fact or information in connection therewith, may do so in writing to the Secretary of the Transvaal Bookmakers' Licensing Committee, Private Bag X64, Pretoria, to reach him on or before 9 October, 1974. Every such person is required to state his full name, occupation and postal address.

NOTICE 397 OF 1974.

NOTICE — BOOKMAKER'S LICENCE.

I, Gaspare Sangiorgio of 2 Cumberland Court, Three Rivers, do hereby give notice that it is my intention to apply to the Transvaal Bookmakers' Licensing Committee for a certificate authorizing the issue of a bookmaker's licence in terms of Ordinance 26 of 1925.

Any person who wishes to object to the granting of such a certificate, or who wishes to lay before the Committee any fact or information in connection therewith, may do so in writing to the Secretary of the Transvaal Bookmakers' Licensing Committee, Private Bag X64, Pretoria, to reach him on or before 9 October, 1974. Every such person is required to state his full name, occupation and postal address.

KENNISGEWING 399 VAN 1974.

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS 84 VAN 1967.

Ingevolge artikel 3(6) van bostaande Wet word hiermee kennis gegee dat onderstaande aansoeke deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang is en ter insae lê by Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria en in die kantoor van die betrokke plaaslike owerheid. Enige beswaar, met volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, ingedien word op of voor 16 Oktober 1974.

(1) Elizabeth Georgina Christina Campbell vir die wysiging van die titelvoorwaardes van Hoewe 218, Nest Park Landbouhoewes Uitbreiding 1, distrik Bronkhorst-spruit ten einde die boulyn te verslap van 31,49 meter tot 12 meter ten einde 'n woonhuis te bou.

PB. 4-16-2-423-1

(2) Die Stadsraad van Pretoria vir die wysiging van die titelvoorwaardes van Gedeelte B van Erf 195, stad Pretoria, ten einde dit moontlik te maak om 'n biblioteek en/of parkeergarage op die eiendom op te rig.

PB. 4-14-2-1189-2

(3) Mosrick (Eiendoms) Beperk vir:

(1) Die wysiging van titelvoorwaardes van Lot 140, dorp Benoni, distrik Benoni, ten einde die lot vir Algemene Besigheidsdoeleindes te gebruik.

(2) Die wysiging van die Benoni Dorpsaanlegskema deur die hersonering van Lot 140, dorp Benoni, van "Spesiale Woon" tot "Algemene Besigheid".

Die Wysigingskema sal bekend staan as Benoni-wysigingskema No. 1/129.

PB. 4-14-2-117-13

(4) Jacobus Johannes Marx vir die wysiging van die titelvoorwaardes van Gedeelte 7 van Gedeelte "C" van die plaas Zeekoewater No. 311, distrik Witbank ten einde dit moontlik te maak om 'n dorp te stig.

PB. 4-15-2-52-311-4

(5) Van der Stel Trust (Eiendoms) Beperk en Irving Smith vir die wysiging van die titelvoorwaardes van Gedeeltes 164 en 194 van die plaas Langlaagte No. 224, Registrasie Afdeling I.Q., Transvaal ten einde dit moontlik te maak om 'n dorp op die eiendom te stig.

PB. 4-15-2-21-224-2

(6) Vindoux Investments (Eiendoms) Beperk vir die wysiging van die titelvoorwaardes van Lot 429, Nancefield, Registrasie Afdeling I.Q., Transvaal ten einde dit moontlik te maak dat die lot vir algemene nywerheidsdoeleindes gebruik kan word.

PB. 4-14-2-912-5

(7) J. A. le Grange Voël Park (Eiendoms) Beperk vir:

(1) Die wysiging van titelvoorwaardes van Hoewe 7. Bartlett Landbouhoewes, Registrasie Afdeling I.R., Transvaal ten einde dit moontlik te maak om

(A) 'n voëlpark op te rig en aanverwante doeleindes te bedryf;

NOTICE 399 OF 1974.

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT 84 OF 1967.

It is hereby notified in terms of section 3(6) of the above Act that the undermentioned applications have been received by the Director of Local Government and are open to inspection at Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria and at the office of the relevant local authority. Any objections, with full reasons therefore, should be lodged in writing with the Director of Local Government, at the above address, or Private Bag X437, Pretoria, on or before 16 October, 1974.

(1) Elizabeth Georgina Christina Campbell for the amendment of the conditions of title of Holding 218, Nest Park Agricultural Holdings Extension 1, district Bronkhorst-spruit to permit the building line to be relaxed from 31,49 metres to 12 metres in order to build a house.

PB. 4-16-2-423-1

(2) The Town Council of Pretoria for the amendment of the conditions of title of Portion B of Erf 195, City of Pretoria to permit a library and/or parking garage to be erected on the erf.

PB. 4-14-2-1189-2

(3) Mosrick (Proprietary) Limited for:

(1) The amendment of the conditions of title of Lot 140, Benoni Township, district Benoni, in order to permit General Business to be conducted on the lot.

(2) The amendment of the Benoni Town-planning Scheme by the rezoning of Lot 140, Benoni Township, from "Special Residential" to "General Business".

This Amendment Scheme will be known as Benoni Amendment Scheme No. 1/129.

PB. 4-14-2-117-13

(4) Jacobus Johannes Marx for the amendment of the conditions of title of Portion 7 of Portion "C" of the farm Zeekoewater No. 311, district Witbank to permit the establishment of a township.

PB. 4-15-2-52-311-4

(5) Van der Stel Trust (Pty.) Ltd. and Irving Smith for the amendment of the conditions of title of Portions 164 and 194 of the farm Langlaagte No. 224, Registration Division I.Q., Transvaal to permit the establishment of a township on the land.

PB. 4-15-2-21-224-2

(6) Vindoux Investments (Proprietary) Limited for the amendment of the conditions of title of Lot 429, Nancefield, Registration Division I.Q., Transvaal to permit the lot being used for general industrial purposes.

PB. 4-14-2-912-5

(7) J. A. le Grange Voël Park (Proprietary) Limited for:

(1) The amendment of the conditions of title of Holding 7, Bartlett Agricultural Holdings, Registration Division I.R., Transvaal to permit the holding being used for

(A) a bird park and purposes incidental thereto;

(B) die verskaffing van verversings soos koeldrank, tee en koffie aan besoekers.

- (2) Die wysiging van die Boksburg-dorpsaanlegskema deur die hersonering van Hoewe 7, Bartlett Landbouhoewes, van "Landbou" tot "Spesiaal" vir die oprigting van 'n voëlpark.

Die wysigingskema sal bekend staan as Boksburg-wysigingskema No. 1/149.

PB. 4-16-2-50-7

- (8) Dino Belli vir die wysiging van die titelvoorwaardes van Erf 122, Dorp Three Rivers, distrik Vereeniging, ten einde dit moontlik te maak dat die erf vir die stigting van 'n privaat kleuterskool gebruik kan word.

PB. 4-14-2-1299-5

(B) the supply of refreshments such as cool drinks, tea and coffee to visitors.

- (2) The amendment of the Boksburg Town-planning Scheme, by the rezoning of Holding 7, Bartlett Agricultural Holdings, from "Agricultural" to "Special" for the purposes of a bird park.

The amendment scheme will be known as Boksburg Amendment Scheme No. 1/149.

PB. 4-16-2-50-7

- (8) Dino Belli for the amendment of the conditions of title of Erf 122, Three Rivers Township, district Vereeniging to permit the erf being used for the establishment of a private nursery school.

PB. 4-14-2-1299-5

TENDERS

L.W. — Tenders wat voorheen gepubliseer is en waarvan die sluitingsdatum nog nie verstreke is nie, word nie in hierdie kennisgewing herhaal nie. Tenders word normaalweg 3-5 weke voor die sluitingsdatum gepubliseer.

**TRANSVAALSE PROVINSIALE
ADMINISTRASIE.**

TENDERS.

Tenders vir die volgende dienste / voorrade / verkope word ingewag. (Tensy dit in die uiteensetting anders aangegee word, word tenders vir voorrade bedoel):—

TENDERS

N.B.—Tenders previously published and where the closing dates have not yet passed, have not been repeated in this notice. Tenders are normally published 3-5 weeks before the closing date.

**TRANSVAAL PROVINCIAL
ADMINISTRATION.**

TENDERS.

Tenders are invited for the following services / supplies / sales. (Unless otherwise indicated in the description tenders are for supplies):—

<i>Tender No.</i>	<i>Beskrywing van Diens Description of Service</i>	<i>Sluitingsdatum Closing Date</i>
P.F.T. 14/74	Bou en monteer van bakke vir twee biblioteekboekwaens/Manufacture and mounting of body-work for two library book vans	4/10/1974
T.O.D. 111C/74	Naaimasjiene/Sewing machines	1/11/1974
T.O.D. 1E/74	Skryfbehoeftes en skoolbenodigdhede/Stationery and school material	18/10/1974
T.O.D. 21B/74	Naaldwerk/Needlework	4/10/1974
R.F.T. 140/74	Verskaffing, vervoer en toediening van kunsmisstowwe/Supplying, transport and spraying of fertilizer	18/10/1974
R.F.T. 136/74	Laboratorium-olieontledingsprogram vir grondwerktuie en bybehorende voertuie/Laboratory oil-analysis programme for earthmoving machines and associated vehicles	18/10/1974
H.A. 2/98/74	Baragwanath-hospitaal: Hart-toerusting/Baragwanath Hospital: Cardiac equipment	18/10/1974
H.A. 2/99/74	Baragwanath-hospitaal: Toestel vir Peritoneale dialise/Baragwanath Hospital: Peritoneal dialysis apparatus	18/10/1974
H.A. 2/100/74	H. F. Verwoerd-hospitaal: Monitors/H. F. Verwoerd Hospital: Monitors	18/10/1974
H.A. 2/101/74	J. G. Strijdom-hospitaal: Harts slag-hulppomp/J. G. Strijdom Hospital: Cardiac assist apparatus	18/10/1974
H.A. 2/102/74	Johannesburgse Hospitaal: Isodensiteitsopnemer/Johannesburg Hospital: Isodensity recorder	18/10/1974
H.A. 1/21/74	Chirurgiese instrumente, 1c-reeks/Surgical instruments, 1c series	18/10/1974
H.A. 1/22/74	Röntgenstraaluitrusting/X-ray accessories	18/10/1974
W.F.T. 30/74	Wassertipe-wasmasjiene/Laundry-type washing machines	18/10/1974
W.F.T.B. 407/74	Laerskool Baillie Park, Potchefstroom: Oprigting van twee gradekamers en vyf klaskamers/Erection of two grade-rooms and five classrooms. Item 1024/73	25/10/1974
W.F.T.B. 408/74	Hoërskool Kensington, Johannesburg: Uitle van terrein/Lay-out of site. Item 1072/65	25/10/1974
W.F.T.B. 409/74	Paardekraal-hospitaal, Krugersdorp: Oprigting van 'n nuwe hyserskag met inbegrip van elektriese werk/Paardekraal Hospital, Krugersdorp: Erection of a new lift shaft including electrical work. Item 2057/72	25/10/1974
W.F.T.B. 410/74	Pinedene Primary School, Vanderbijlpark: Aanbouings/Additions Item 1040/73	25/10/1974
W.F.T.B. 411/74	Rivonia Primary School, Sandton: Aanbouings/Additions. Item 1052/73	25/10/1974
W.F.T.B. 412/74	South Hills Primary School, Johannesburg: Oprigting van nuwe biblioteek en pakkamer met inbegrip van elektriese werk/Erection of new library and storeroom including electrical work. Item 1171/71	25/10/1974
W.F.T.B. 413/74	Spesiale Skool Susan Strijdom, Nylstroom: Aanbouings en veranderings aan koshuis/Additions and alterations to hostel. Item 1050/64	25/10/1974
W.F.T.B. 414/74	Townsvlew Primary School, Johannesburg: Oprigting van nuwe biblioteek met inbegrip van elektriese werk/Erection of new library including electrical work. Item 1172/71	25/10/1974
W.F.T.B. 415/74	Witwatersrandse Kollege van Verpleging, Germiston: Verskaffing en oprigting van voorafvervaardigde klaskamers met inbegrip van elektriese werk/Witwatersrand College of Nursing, Germiston: Supply and erection of prefabricated classrooms including electrical work	25/10/1974
W.F.T.B. 416/74	Laerskool Zeerust: Aanbouings en veranderings/Additions and alterations. Item 1078/70	25/10/1974

BELANGRIJKE OPMERKINGS.

1. Die betrokke tenderdokumente, met inbegrip van die amptelike tendervorms van die Administrasie, is op aanvraag by die onderstaande adresse verkrygbaar. Sodanige dokumente asmede enige tender/kontrakvoorwaardes wat nie in die tenderdokumente opgeneem is nie, is ook by die genoemde adresse vir inspeksie verkrygbaar:

Tender verwysing	Posadres te Pretoria	Kantoor in Nuwe Provinsiale Gebou, Pretoria			
		Kamer No.	Blok	Verdieping	Foon Pretoria
HA 1	Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X221.	A739	A	7	48-9251
HA 2	Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X221.	A739	A	7	48-9401
HB	Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X221.	A723	A	7	48-9202
HC	Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X221.	A728	A	7	48-9206
HD	Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X221.	A730	A	7	48-0354
PFT	Provinsiale Sekretaris (Aankope en Voorrade), Privaatsak X64.	A1119	A	11	48-0924
RFT	Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak X197.	D518	D	5	48-9184
TOD	Direkteur, Transvaalse Onderwysdepartement, Privaatsak X76.	A549	A	5	48-0651
WFT	Direkteur, Transvaalse Werkedepartement, Privaatsak X228	C111	C	1	48-0675
WFTB	Direkteur, Transvaalse Werkedepartement, Privaatsak X228.	C219	C	2	48-0306

2. Die Administrasie is nie daartoe verplig om die laagste of enige tender aan te neem nie en behou hom die reg voor om 'n gedeelte van 'n tender aan te neem.

3. In die geval van iedere W.F.T.B.-tender moet die tenderaar 'n deposito van R4 stort alvorens hy van die tenderdokumente voorsien sal word. Sodanige deposito moet in kontantgeld wees, 'n tjek deur die bank geparafeseer of 'n departementele legorderkwitansie (R10). Genoemde depositobedrag sal terugbetaal word as 'n *bona fide*-inskrywing van die tenderaar ontvang word of as die tenderdokumente, met inbegrip van planne, spesifikasies en hoeveelhedslyste, binne 14 dae na die sluitingsdatum van die tenderaar teruggestuur word na die betrokke adres in opmerking 1 hierbo aangetoon.

4. Alle tenders moet op die amptelike tendervorm van die Administrasie voorgelê word.

5. Iedere inskrywing moet in 'n afsonderlike versëlde koevert ingedien word, geadresseer aan die Voorsitter, Die Transvaalse Provinsiale Tenderraad, Posbus 1040, Pretoria, en moet duidelik van die opskrif voorsien wees ten einde die tenderaar se naam en adres aan te toon asook die nommer, beskrywing en sluitingsdatum van die tender. Inskrywings moet teen 11 vm. op die sluitingsdatum hierbo aangetoon, in die Voorsitter se hande wees.

6. Indien inskrywings per hand ingedien word, moet hulle teen 11 vm. op die sluitingsdatum in die Formele Tenderbus geplaas wees by die navraagkantoor in die voorportaal van die nuwe Provinsiale Gebou by die hoofingang aan Pretoriusstraat se kant (naby die hoek van Bosmanstraat), Pretoria.

C. W. Grunow, Voorsitter, Transvaalse Provinsiale Tenderraad (Tvl.), Pretoria, 11 September 1974.

IMPORTANT NOTES.

1. The relative tender documents including the Administration's official tender forms, are obtainable on application from the relative address indicated below. Such documents and any tender/contract conditions not embodied in the tender documents are also available for inspection at the said address:

Tender Ref.	Postal address, Pretoria.	Office in New Provincial Building, Pretoria			
		Room No.	Block	Floor	Phone Pretoria
HA 1	Director of Hospital Services, Private Bag X221.	A739	A	7	48-9251
HA 2	Director of Hospital Services, Private Bag X221.	A739	A	7	48-9401
HB	Director of Hospital Services, Private Bag X221.	A723	A	7	48-9202
HC	Director of Hospital Services, Private Bag X221.	A728	A	7	48-9206
HD	Director of Hospital Services, Private Bag X221.	A730	A	7	48-0354
PFT	Provincial Secretary (Purchases and Supplies) Private Bag X64.	A1119	A	11	48-0924
RFT	Director, Transvaal Roads Department, Private Bag X197.	D518	D	5	48-9184
TED	Director, Transvaal Education Department, Private Bag X76.	A549	A	5	48-0651
WFT	Director, Transvaal Department of Works, Private Bag X228.	C111	C	1	48-0675
WFTB	Director, Transvaal Department of Works, Private Bag X228.	C219	C	2	48-0306

2. The Administration is not bound to accept the lowest or any tender and reserves the right to accept a portion of a tender.

3. In the case of each W.F.T.B. tender the tenderer must pay a deposit of R4 before he will be supplied with the tender documents. Such deposit must be in the form of cash, a bank initialled cheque, or a department standing deposit receipt (R10). The said deposit will be refunded if a *bona fide* tender is received from the tenderer or if the tender documents including plans, specifications and bills of quantities are returned by the tenderer within 14 days after the closing date of the tender to the relative address shown in note 1 above.

4. All tenders must be submitted on the Administration's official tender forms.

5. Each tender must be submitted in a separate sealed envelope addressed to the Chairman, Transvaal Provincial Tender Board, P.O. Box 1040, Pretoria, and must be clearly superscribed to show the tenderer's name and address, as well as the number, description and closing date of the tender. Tenders must be in the hands of the Chairman by 11 a.m. on the closing date indicated above.

6. If tenders are delivered by hand, they must be deposited in the Formal Tender Box at the Enquiry Office in the foyer of the New Provincial Building, at the Pretorius Street main entrance (near Bosman Street corner), Pretoria, by 11 a.m. on the closing date.

C. W. Grunow, Chairman, Transvaal Provincial Tender Board (Tvl.), Pretoria, 11 September, 1974.

Plaaslike Bestuurskennisgewings

Notices By Local Authorities

STADSRAAD VAN KEMPTONPARK.
WYSIGINGSDORPSBEPLANNING-
SKEMA NO. 1/144.

Die Stadsraad van Kemptonpark het 'n wysigingsontwerpdorpsbeplanningskema opgestel, wat bekend sal staan as die Kemptonpark Wysigingskema No. 1/144.

Hierdie ontwerp-skema bevat die volgende voorstel:

Die herindeling van die gebruiksreg van Erf 149, Nywerheidsdorp Spartan van "Munisipale Doeleindes" na "Spesiaale Nywerheid".

Die naam en adres van die eienaar van die eiendom is:

Die Stadsraad van Kemptonpark,
 Posbus 13,
 Kemptonparfk,

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae te Kamer 123, Stadhuis, Margaretlaan, Kemptonpark vir 'n tydperk van 4 (vier) weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie Kennisgewing af, naamlik 11 September 1974.

Die Raad sal die skema oorweeg en besluit of dit aangeneem moet word.

Enige eienaar of okkupeerder van vaste eiendom binne die regsgebied van die Kemptonpark Dorpsbeplanningskema, No. 1 van 1952, soos gewysig, of binne twee kilometer van die grens daarvan het die reg om teen die skema beswaar te maak of om vertoë ten opsigte daarvan te rig en indien hy dit wil doen, moet hy die Stadsklerk van Kemptonpark binne 4 (vier) weke van die eerste publikasie van hierdie Kennisgewing, naamlik 11 September 1974, skriftelik van sodanige beswaar of vertoë in kennis stel en vermeld of hy deur die Stadsraad van Kemptonpark gehoor wil word of nie.

Q. W. VAN DER WALT,
 Stadsklerk.

Stadhuis,
 Margaretlaan,
 Posbus 13,
 Kemptonparfk,
 11 September 1974.
 Kennisgewing 75/1974.

TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK.
AMENDMENT TOWN-PLANNING
SCHEME NO. 1/144.

The Town Council of Kempton Park has prepared a draft Amendment Town-planning Scheme, to be known as the Kempton Park Amendment Scheme No. 1/144.

This draft scheme contains the following proposal:

The rezoning of the right of use of Erf 149, Spartan Industrial Township from "Municipal Purposes" tot "Special Industrial".

The name and address of the owner of the property concerned is:

The Town Council of Kempton Park,
 P.O. Box 13,
 Kempton Park.

Particulars of this scheme are open for inspection at Room 123, Town Hall, Margaret Avenue, Kempton Park, for a period of 4 (four) weeks from the date of the first publication of this notice, which is 11 September, 1974.

The Council will consider whether or not the scheme should be adopted.

Any owner of immovable property within the area of the Kempton Park Town-planning Scheme, No. 1 of 1952, as amended, or within two kilometres of the boundary thereof has the right to object to the scheme or to make representations in respect thereof and if he wishes to do so he shall, within 4 (four) weeks of the first publication of this notice, which is 11 September, 1974, inform the Town Council of Kempton Park in writing of such objection or representation and shall state whether or not he wishes to be heard by the Town Council of Kempton Park.

Q. W. VAN DER WALT,
 Town Clerk.

Town Hall,
 Margaret Avenue,
 P.O. Box 13,
 Kempton Park.
 11 September, 1974.
 Notice No. 57/1974.

730—11, 18

DORPSRAAD VAN AMERSFOORT.

EIENDOMSBELASTING 1974/75.

Kennisgewing geskied hiermee dat die Dorpsraad van Amersfoort kragtens die bepaling van die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie No. 20 van 1933, soos gewysig, die volgende belasting gehef het vir die boekjaar 1 Julie 1974 tot 30 Junie 1975.

- (a) 'n Oorspronklike belasting van 0,5 sent in die Rand (R) op die liggingswaarde van grond;
- (b) 'n Bykomstige belasting van 2,5 sent in die Rand (R) op die liggingswaarde van grond;
- (c) Onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur 'n verdere bykomstige belasting van 3 sent in die Rand (R) op die liggingswaarde van grond.

Die belasting opgelê soos hierbo uiteengesit, sal verskuldig wees op die 1ste Julie 1974 en sal betaalbaar wees in twee gelyke paaiemente soos volg:—

Die een helfte van die totale bedrag op 30 Oktober 1974 en die resterende helfte op 31 Maart 1975 en rente teen 'n koers

van 7 persent (7%) per jaar sal aangeslaan word op alle agterstallige bedrae en geregtelike stappe sal sonder verwyf ingestel word in die geval van wanbetaling.

J. C. KRIEK,
 Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
 Posbus 33,
 Amersfoort.
 11 September 1974.

VILLAGE COUNCIL OF AMERSFOORT.

ASSESSMENT RATES 1974/75.

Notice is hereby given that the Village Council of Amersfoort has, in terms of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, imposed the following rates on the value of all rateable properties within the Municipal area as appearing in the valuation roll for the financial year 1 July, 1974 to 30 June, 1975.

- (a) An original rate of 0,5 cent in the Rand (R) on the site value of land;
- (b) An additional rate of 2,5 cent in the Rand (R) on the site value of land;
- (c) Subject to the approval of the Administrator a further additional rate of 3 cent in the Rand (R) on the site value of land;

The rates imposed as set out above shall become due on the 1st July, 1974 but shall be payable in two equal instalments as follows:—

One half of the total amount on the 30th October, 1974 and the remaining half on the 31st March, 1975, and interest at the rate of seven per cent (7%) per annum, will be charged on all overdue accounts and summary legal proceedings for the recovery thereof will be instituted against defaulters.

J. C. KRIEK,
 Town Clerk.

Municipal Offices,
 P.O. Box 33,
 Amersfoort.
 11 September, 1974.

740—11, 18

STADSRAAD VAN ALBERTON.

VOORGESTEL:

DORPSAANLEGSKEMA WYSIGING
NR. 1/98.

Die Stadsraad van Alberton het 'n wysigingsontwerpdorpsbeplanningskema opgestel, wat bekend sal staan as Wysigende Skema No. 1/98.

Hierdie ontwerp-skema bevat die volgende voorstel:

Om die Albertonse Dorpsaanlegskema, No. 1 van 1948, soos volg te wysig:

Klousule 13:

- (1) Deur die invoeging van die volgende woordoms krywing:

"Afwalwerf" enige grond, tesame met hulp- en ondergeskikte geboue op sodanige grond, wat gebruik word vir die berging van onderdele van tweedehandse motors of onderdele van tweedehandse masjinerie of afvalmetaal of tweedehandse pype of tweedehandse boumateriaal of afvalmateriaal of ander soortgelyke tweedehandse goedere of vir al sodanige goedere of vir enige kombinasie van sodanige goedere of vir die aftakeling of uitmekaarhaal van verlate voertuie of ander masjiene.

- (2) Deur die woordoms krywing van "nywerheidsgebou" deur die volgende te vervang:

"Nywerheidsgebou" 'n gebou, uitgesonderd 'n gebou vir skadelike nywerheid of 'n openbare garage, wat ontwerp is om gebruik te word as 'n fabriek binne die betekenis van die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, No. 22 van 1941, en enige wysiging daarvan, en enige gebou wat gebruik word in verband met 'n bouwerf of 'n afwalwerf op dieselfde perseel, en sluit in enige kantoor of ander gebou binne dieselfde perseel waarvan die gebruik voortvloei uit en as sulks normaalweg sou voortvloei uit of redelikerwys nodig sou wees in verband met die gebruik van sodanige fabriek.

Klousule 16:

Deur subklousule (b) deur die volgende te vervang:

- (b) Geen grond wat in enige gebruikstreek geleë is, mag sonder die toestemming van die Stadsraad vir die storting van vuilnis of die wegdoening van riool daarop of as 'n begraaftaak of as 'n bouwerf of 'n afwalwerf gebruik word nie; Met dien verstande dat die gebruik van grond as 'n bouwerf of 'n afwalwerf slegs toegelaat mag word in 'n gebruikstreek waar nywerheidsgeboue opgerig en gebruik mag word.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae aan die kantoor van die Klerk van die Raad, Munisipale Kantoor, Van Riebeecklaan, Alberton, vir 'n tydperk van vier weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing af, naamlik 18 September 1974.

Die Raad sal die skema oorweeg en besluit of dit aangeneem moet word.

Enige eienaar of okkuperder van vaste eiendom binne die gebied van die Albertonse Dorpsaanlegskema of binne 1,6 km van die grens daarvan het die reg om teen die skema beswaar te maak of om vertoë ten opsigte daarvan te rig en indien hy dit wil doen, moet hy die Stadsraad binne vier weke van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 18 September 1974, skriftelik van sodanige beswaar of vertoë in kennis stel en vermeld of hy deur die Stadsraad gehoor wil word of nie.

A. G. LÖTTER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,
Alberton.
18 September 1974.
Kennisgewing No. 106/1974.

TOWN COUNCIL OF ALBERTON.

PROPOSED:

TOWN-PLANNING SCHEME NO. 1/98.

The Town Council of Alberton has prepared a draft amendment town-planning scheme, to be known as Amending Scheme No. 1/98.

This draft scheme contains the following proposal:

To amend the Alberton Town-planning Scheme, No. 1 of 1948, as follows:

Clause 13:

- (1) By the insertion of the following definition:

